

23 April

Mooi so, hou aan om die versoekings te weerstaan!

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 3:1-12
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 3:1-6

Die Christene daar in Tessalonika het meer geweet van wat dit beteken om Christen te wees as wat die meeste van ons dalk daarvan weet. Ons lees hier hulle het geweet dat “ons ter wille van ons geloof vervolgt sal word”.

Hoeveel van ons hou elke dag daarmee rekening dat Satan op allerhande maniere ons in versoeking wil lei om in ons geloof te wankel? Die verleier veg nie altyd openlik met geweld nie, maar meermale met sagte woorde en vleitaal, soos 'n lam, maar as hy praat, klink dit soos 'n draak (Openb 13), of hier, letterlik, soos 'n stertswaaiende hond wat skielik byt.

Omdat ons weet van die pogings van die groot verleier, Satan, om ons uit God se hand te wil ruk, het ons almal gereeld versterking en bemoediging nodig. Daarvoor is Timoteus na Tessalonika gestuur.

Hy kom terug met die goeie nuus: hulle glo nog! Dis waaroor dit gaan: of ons tussen al die versoekings nog aanhou glo. Elkeen wat nog gelowig volhard om God gehoorsaam te dien, hoor uit die Woord: “Mooi so! Hou aan om die versoekinge te weerstaan! Die Here maak dit vir sy kinders moontlik!”

Sing: Skrifberyming 15-1:2

Ds. Nico Botha (emeritus)